

Kerssangdiens I

<u>Wie</u>	<u>Wat</u>	<u>Detail</u>	<u>Data</u>	<u>Opmerking</u>
Data	Vooraf musiek	Verskeie rustige musiek	1 (Welkom)	
Data	Reëlings (18:25)		2 (Reëlings)	
Data	Stilgebed		3 Stilgebed)	
In verwondering onder die sterrehemel				
Data	Voorlesing (18:30) (lees1)	Gen 1 (verskeie): “In die begin het God die hemel en die aarde geskep. Die aarde was heeltemal onbewoonbaar en dit was donker op die diep waters... Toe het God gesê; Laat daar lig wees, en daar was lig....Toe het God gesê: Laat daar ligte wees aan die hemelgewelf om dag en nag van mekaar te skei. Hulle moet ook as tekens dien om seisoene, dae, en jare aan te dui. Hulle moet ligte wees aan die hemelgewelf om op die aarde lig te gee...God het die twee groot ligte gemaak, die grootste om bedags te heers en die kleiner lig om snags te heers, en ook die sterre...God het hulle in die hemelgewelf geplaas om op die aarde lig te gee, om oor dag en nag te heers en om lig en donker van mekaar te skei. God het gesien dit is goed.”	4-10	Loop self
Data	Voorlesing (lees 2)	Ps 8 “Here, onse Here, hoe wonderbaar is U Naam oor die ganse aarde, hoe glansryk alles wat U in die hemelruim geplaas het. Kinders en suigeling besing die magtige werk wat U tot stand gebring het. So word U teenstanders, die vyande en wraakgieriges tot swye gebring. As ek die hemel aanskou, die werk van U vingers, die maan en die sterre waaraan U ‘n plek gegee het, wat is die mens dan dat u aan Hom dink, die mensekind dat U na hom omsien?	11-12	Loop self
Orrelis / MG	Sang	SM35:1-2 “O Heer my God” (Sitplekke inneem)	13-16 16a	
Data	Voorlesing (lees3)	“Die Psalmdigter sit in die nag op die platdak van sy huisie êrens in Palestina. Bokant hom rol die skerms oop van die grootste en indrukwekkendste Imax-teater wat daar is. Sy oë blink; weerkaats die blink sterre bokant hom. Hy aanskou alles wat God soos ‘n groot Towenaar uit die hoed van die niks gepluk het. Die hemel, die werke van God se vingers , die maan en die sterre waaraan Hy ‘n plek gegee het. God is groot!..... En die mens? Wat is die mens? ‘N Speldepunt in ‘n oneindige kosmos. ‘N Huiwerende hartkloppie in ‘n hoekie van die heelal. ‘N Druppeltjie in die oseaan. ‘N Sekonde in die ewigheid.” (IDGVG p26)	17	
Orrelis / MG	Sang	“As ek in die aand na die sterre kyk” (aangeheg)	18-21	
Verby die sterrehemel				

Data	Teks	Op 29 Jul 1969 het die eerste mens voet aan wal gesit op die maan. Dit was maar net die begin van die groot ontdekkingstog.	22-23 (net teks)	Loop self
Data	Teks	Op 4 Jul 1997 het die eerste onbemande ruimtetuig op Mars geland: 'n reis van een honderd en negentig miljoen kilometer teen 'n snelheid van ongeveer 25740 kilometer per uur.	24 (net teks)	Loop self
Data	Teks	“Het jy al ooit gewonder hoe dit daar bo moet lyk?” Kom ons gaan kyk.	25 (net teks)	Loop self
Data	Musiek	“There is a God” (Carman - slegs inleiding)	26-29	Loop self
Data	Voorlesing (Lees4)	Jy is nou miljoene kilometers van die aarde af. Op 'n plek waar mense twee duisend jaar terug nie sou kon droom om te wees nie. En dit is sprokiesmooi... Miljoene en miljoene sterre en sterrestelsels.	30	Loop self
Data	Musiek	Net U (Charl Botha)	31-55	Loop self
Data	Voorlesing (Lees5)	Ja, die hemelruim is indrukwekkend. Deur al die eeue het die mens opgekyk na die sterre en geglo dat sy antwoord hier iewers sou lê. Abderkant die sterre. In die oneindige hemelruimtes. En tog is dit nie hier waar die mens se antwoord vir al sy probleme lê nie. Om die waarheid te sê: de antwoord lê nie in die hemelruim anderkant die sterre en sterrestelsels nie. Nee, die antwoord is gegraveer op ons eie klein planeet aarde. Want dit is daar waar die God van die heelal besluit het om Homself te openbaar. Dis op die klein planeet aarde wat Hy Homself sou bekend maak. Dis op hierdie klein planeet, waar Hy besluit het om te kom woon. Hier sou Hy mens word. Vlees en bloed. Dis op hierdie planeet wat jy Sy voetspore sal vind. En hier sou Hy sterf...en opstaan. En hier sou Hy Sy liefde bewys aan mense uit elke volk en taal en stam en nasie...	56-70	Loop self Wag tot musiek ophou
Geboorteverhaal				
Solis	Solo/Duet	“Met middernag”	71	
Data	Video	Geboorte Musiek: Chante a Noel	72	
Orrelis / MG	Koor	“Joy to the world” (Melodie: Liedboek 201)	73	

Data	Voorlesing (Lees6)	Vir sommige van ons is kersfees natuurlik 'n tyd van afwagting, van blinkoog slapies tel totdat die groot dag aanbreek, totdat jy uiteindelik onder die kersboom kan induik en die geskenke nie vinnig genoeg kan oopskeur nie. Vir ander is kersfees pynlik, 'n tyd van verskerpte eensaamheid, van herinnering aan 'n man of vrou of kind wat oorlede is, van 'n verlies wat jy gely het, van rou wonde wat maar net nie wil genees nie. Sommige voel in die Kerstyd 'n warme medemenslikheid in hulle opwel, ander ervaar die hardheid en koudheid van liefdelose mense erger as ooit tevore. In sommige se hart eggo die lied van die engele op die velde van Efrata: "Eer aan God in die hoogste hemel, vrede op aarde vir die mense in wie Hy 'n welbehag het." Vir ander bly alles 'n blote sprokie uit 'n antieke stuk geskiedenis .Waaroor gaan dit werklik? Matteus neem ons terug na die begin, verklaar in 'n paar sober penstrepe wat die kern van Kersfees is: "Diemaagd sal swanger word en 'n Seun in die wereld bring, en hulle sal Horn Immanuel noem." Die naam beteken God by ons (v. 23).	74	
Orreliis / MG	Sang	LB338:1-4 "Weer dink ons saam aan daardie nag" LB345:1-2 "Kom alle getroues"	75-76 77-78	<u>Nie 'n 79-80</u>
Data	Voorlesing (lees7)	"Daar in die omgewing van Betlehem het 'n klompie skaapwagters gebly. Hulle het in die oop veld geslaap. Snags het hulle hulle skape opgepas. Een nag, uit die bloute, het 'n engel van die Here daar by hulle kom staan. Die Here se heerlikheid het alles om hulle helder verlig. Die skaapwagters het hulle dood geskrik. Maar die engel het vir hulle gesê: Moenie bang wees nie. Ek het baie goeie nuus vir julle; nuus waarom julle nog baie lank gaan feesvier. Hierdie goeie nuus is vir die hele volk bedoel: vandag is die Redder in die stad van Dawid gebore; vir almal van julle. Dit is Hy wat julle van julle sonde sal vrymaak. Hy is die Messias. God het Hom na julle almal toe gestuur. Hy is die Here oor die hele wêreld. Gaan kyk! Gaan soek 'n baba wat styf in doeke toegedraai is en in 'n voerbak lê. Dit is Hy! Skielik het daar 'n groot skare engele uit die hemel by die engel aangesluit. Daar in die oop veld het 'n koor van hemelse stemme God toe geprys: "Eer aan God in die hoogste hemel, en vrede vir almal wat hier op aarde bly; vrede vir almal oor wie God nou feesvier!" (Boodskap, Luk 2)	81	Wag tot musiek klaar is
Orreliis of MG	Sang	LB361:1-4 "Oor skape hou die herders wag" LB364:1-3 "Herders op die ope velde"	82, 82+1, 83 84-86	
Kinders of gemeente	KinderMG	"Donkie se kerslied" (aangeheg)	87a-87d	Wag tot KMG gaan sit

Data	Voorlesing (lees8)	<p>‘n Ruk later het maria en Josef baie belangrike besoekers gehad. Hulle was wyse manne wat uit verlande in die Ooste gekom het. Hulle het die helderster in die nag in die hemel gesien. Hulle het geglo dat iets groots gebeur het. Daarom het hulle die verreis aangepak. Hulle het die ster gevolg totdat dit stilgaan staan het bokant die stal. Toe hulle by die stal ingaan, het hulle die baba Jesus in Maria se arms gesien. Hulle het geglimlag. Die lang reis was die moeite werd. Hulle het die Koning gevind. Hulle het kosbare en pragtige geskenke vir die klein gesin gebring. Maria en Josef se oë het groot gerek. “Sjoe, hierdie is geskenke vir ‘n koning,” het Maria vir Josef gefluister. Hy het geknik. Een van die wyse manne het voor haar gebuig. Hier is goud vir ‘n groot koning. Die tweede wyse man het ‘n pot mirre by Maria se viete neergesit. Mirre is ‘n baie spesiale soort parfuum wat net deur baie belangrike mense gedra kon word. Die derde wyse man het wierook gegee. “Dit sal die lug soet maak” het hy gesê. Wierook behaag God. Hulle het almal hulle koppe gebuig en gebid. Hulle het God gedank omdat Hy Jesus na die wêreld gebring het. (KinderBybel 9218: Mat 2:1-10)</p>	88	
Orrelis / MG	Sang	LB357:1-3 “‘n Kindjie is gebore”	89-91	
Orrelis / MG		Tromspelertjie (aangeheg)	92-94	
Data	Voorlesing (Lees 9)	Ja, daardie nag is Jesus gebore. God het mensgeword. Hy het nie net Sy Seun na ons toe gestuur nie; Hy het self deur Sy Seun by ons kom woon...	95	
Koor	Koor	“Hoor Jesus is gebore” (1-3) (aangeheg)	96	
Bestem om te sterf				
Solis	Solo	Wiegelied vir Jesus of lied van eie keuse	97	
Data	Teks	Dink jy Maria het alles verstaan? (Woord vir woord)	98	Loop self
Data	Musiek	“Mary did You know?” (Kathy Mattea)	99-104	Loop self

Data	Voorlesing (lees10)	God het Horn onherroeplik aan ons mensdom verbind. Hy het Horn laat inweef in ons mense materiaal. Hy is "by" ons, selfs al sou hierdie "by" 'n krip en 'n kruis insluit. Hy is by diegene wat me kan wag om die Kerspakkies oop te skeur me, maar ook by hulle wat hartseer terugdink aan geliefdes wat me meer daar is nie. Hy is by hulle wat knus saam met familie en vriende rondom 'n feestafel aansit, maar ook by hulle wat koud en eensaam buite die kring van warm medemenslikheid hulwer. Hy is by ons op ons hoogtes en in ons dieptes, in ons ervarings van Godverlatenheid, en ons ervarings van Godsversadiging. Hy is by ons wanneer ons jonk is, maar ook as ons oud en grys begin word, wanneer ons op die rand van die graf te staan gekom het, of deur die dal van doodskaduwee moet gaan (vgl. Ps. 23:4). Hy is by ons wanneer ons deur ons verganklikheid afgetakel word, tot ons ons laaste asem moet uitblaas. Hy is by ons, nou, more, en vir ewig. Want hierdie "by" tussen "God" en "ons" sluit nie net 'n krip en 'n kruis in nie, maar ook 'n opstanding en 'n hemelvaart en 'n pinkster, 'n uitstorting van God se Gees om ewig in ons te wees. Daarin lê die diepte, die wonder, die kern van Kersfees: God is so by ons, dat Hy tegelykertyd ook In ons is. Jesus het nie net m 'n krippie kom lê. Of in 'n waentjie nie. Hy het in my hart kom lê. (Johan Cilliers p37)	105	
Solis	Solo	“Vreugdeklokkies klink sag” (aangeheg)	106	
Orrelis / MG	Sang	LB353:1-3 “Die Heiland is gebore” LB348:1-3 “Stille nag” (Sitplekke inneem)	107-109 110-112 112a	
Solis	Solo	“Lied aan die Lam” (aangeheg)	113-114	Gaan na 114 op laaste vers “Ken jy die lied...”
Orrelis / MG	Sang	LB358:1-3 “Somerskersfees”	115-117	2e vers: blaai om by “Skenk ons ‘n helder...”
Liturg	Gebed		118	
Offergawe			119	
Koor of MG	Koor	Lang, lang gelee (aangeheg)	120-121	Gaan na 121(Refrein) en bly daar
Data	Voorlesing (Lees11)	Ja, Kersfees is ‘n vreugdefees. Jesus het gekom. Hy is Immanuel. Hy is vandag nogsteeds Immanuel. En Hy is by ons. Hy is by ‘n klein kindjie wat grootoog in die donker lê. Hy is by grootmense in hulle diepste krisis. Hy is by ‘n ou oom of tannie in die ouetehuis of in die hospitaal. Want op Kersfees het Hy Immanuel geword: God by ons.	122	
Data	Musiek	Vaderarms (Charl Botha)	123-130	Loop self

Data	Voorlesing (Lees12)	Wil jy nie ook hierdie kersfees opnuut by die krip kom kniel nie? Kom staan saam met die herders in verwondering voor die Here. Kom buig saam met die wyse manne in aanbidding. Kom sing saam met die eng'lekore.	131	
Orreliis / MG	Sang: Lofprysing (vervang met enige liedere van u keuse)	Loof Koning Jesus Shout to the Lord Jesus gee krag Hy gaan kom op die wolke Oorwinningslied	132-133 134-135 136-140 141-143 144-147	
Liturg	Seenbede		148	
	Tee & koffie		149	